Ruach Bediening Nuusbrief

Februarie 2022

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 1
2. Gebedsterapie sessies in Februarie 2022 2
3. Getuienisse 2
4. Sommer net 'n paar gedagte's 2
a. Trein gedagtes 2
b. Gebarste bubbles en flenter-stukkies bid 3
c. Stuff 4
d. 365 Dae 4
e. #Loadshedding 4
5. Beplanning vir die volgende maande 5
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria 5

1. Gedagte vir die maand

Psalm 121:1-2

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

2. Gebedsterapie sessies in Februarie 2022

43	Gebedsterapie sessies in **Centurion**
6	Gebedsterapie sessies per **Telefoon**
17	Gebedsterapie sessies per **Video Call**
0	Gebedsterapie sessies per **Zoom**
21	Gebedsterapie sessies in **Delmas**
15	Gebedsterapie sessies in **Middelburg**
14	Gebedsterapie sessies in **Nylstroom**
0	Gebedsterapie sessies in **Fochville**
0	Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande**
116	**Totale gebedsterapie sessies vir die maand**

3. Getuienisse

Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

Getuienis 1: Ek kan nie vir Oom sê al die wonderwerke in my lewe vandat ek Oom kom sien nie. Baie dankie.

Getuienis 2: More oom. Ek wil net bietjie terugvoer gee. Oom het vir my angs en spanning gebid. Ek het n hewige ekseem wat ek Meer as 2 weke stoei. Na ek by oom was het die inflemasie dadelik bedaar en begin op klaar.

Getuienis 3: Baie dankie vir Oom se tyd, ek waardeer dit so baie... baie dankie

Getuienis 4: We slept like babies. In the early hours today, I woke up and after when I close my eyes, I saw my sister's funeral playing all over again, and for reason, I don't feel anxious. By now I would have taken about 2 relicalm or areas away pills. We are coming from a therapy session. My son looks much better and feels good. I'd like to thank the Lord Almighty for healing my family. amen

Getuienis 5: My son called at 18:20 to say he feels happy, better and wants us help him remain positive all the time. He even said he really appreciated the call he received from his dad yesterday, he further said he is forgiving his dad because he was bottling things inside whenever they don't see eye to eye. So, to hear his dad speak his heart, he really appreciated and he wants to change, this is a miracle I thank the Lord God Almighty for His Supernaturalpower. Amen. (Die kind is in 'n Reahab sentrum vir dwelmverslaafdes en ek en sy Ma het vir hom gebid)

4. Sommer net 'n paar gedagte's

a. Trein gedagtes

So, op ons pad huis toe vanaand, moes ons seker so vir 'n halfuur wag, vir die trein, wat ook wag vir 'n drywer om hom in die stasie in te vat. Ja, so halfuur, voel mos soos 'n leeftyd. Met die wat ons staan en wag, kom die treindrywer na ons toe en vra omverskoning, omdat sy trein oor die pad staan, al is dit nie sy skuld nie.

Die wat my gedagtes ook toe stil staan en ek dink hoeveel keer is ons nie self skuldig vir dinge in ons lewens wat die tyd laat stil staan nie. Of hoeveel keer is ons nie skuldig wat ander mense se lewens laat stilstaan nie. Dan is ons mos te trots om te erken dat ons 'n fout gemaak het.

Hoeveel keer sit ons Hemelse Vader nie stop tekens op ons lewenspaaie om ons te waarsku nie. Maar weereens kyk ons verby dit.

My slot gedagte is, dat as jy 'n fout gemaak het, erken dit en nie soos wat baie van ons maak wat dit probeer wegsteek nie.

Klim maar uit jou trotse trein en vra omverskoning. Nou ja daar begin die trein se wiele draai en ons kan weer laat waai...

(Met erkenning – Japie Aucamp – Facebook- MooiLê gedagtes van 'n SonVanger)

b. Gebarste bubbles en flenter-stukkies bid ...

(Ek het hierdie gelees van 'n skoolvriendin van my en wil sommer net met jou deel.)

Vandag wil ek sommer net stil by U voete kom sit, Here. Soms kom die lewe en vat 'n mens se woorde vir U, sommer net weg. Partymaal raak mens so in 'n gewoonte-bid vasgevang, so 'n heen-en-weer van woorde ... Liewe-Jesus-sag-en-teer ... vergewe my sonde ... wees met almal wat siek en seer is ... Amen ... en dan hardloop ons verder deur die dag, partymaal so 'fake', né Here?

En dan op 'n dag kom vat die lewe ons bid weg. Ja, Here, dis mos asof daar 'n bubble in 'n mens se hart is ... en in daardie bubble leef jy die perfekte lewe, bid jy die perfekte gebed. In daardie bubble is daar nie plek vir dood of siekte of stukkend of seer nie. In daardie bubble dink jy die lewe sal nooit met jou gebeur nie.

En dan gebeur die lewe, Here ... en 'n mens se bubble bars. En die dood van 'n hartsmens, spoel oor 'n mens se hart, oor jou lewe. Of jy raak siek ... dodelik siek, terminaal siek ... of jy verloor jou werk ... jou sekuriteit. En die bubble bars. En wanneer 'n mens se bubble bars, Here, spoel die huil en die moeg en die bang en die kwaad dwarsdeur 'n mens se lyf, bo-oor jou dink en jou doen, en gaan lê diep in jou oë. Wanneer jou hart se bubble bars, Here, raak jou bid ook partykeer sommer net weg.

Dis dan wanneer mens soos Jairus verby al die lewe se reëls hardloop, in-storm waar U besig is om te werk, en smekend uitroep: "Here, kom kyk . . ." Dis dan wanneer ons U hande vasgryp en stukkend, skor sê: "Kom kyk, Here ... my kind is dood. Kom kyk, Here, my lyf is stukkend en siek. Kom kyk, Here ... hulle het my gekaap en vir dood langs die pad agtergelaat. Kom kyk, Here ... "En dan los U alles, en U gaan kyk, né Here?

Wanneer ons ons flenter-stukkies bid voor U voete neersit, sien U dadelik die gebarste bubble raak. Die hartseer en stukkend, die verslaenheid wat op ons gesigte gaan lê ... U sien dit. Wanneer ons ons flenter-stukkies bid voor U voete neersit, is dit U wat U hande sag-versigtig om ons harte vou, stil in ons oë kyk en sag vir ons sê: "Ek is hier ... Ek gaan nie weg nie."

Dankie, Here, dat U nie die perfekte bid soek nie. Want perfekte bid sluit U uit die bubble uit. Dankie dat U 'n gebarste bubble ken en weet wat om met die rou stukkies bid te maak, wat daaruit loop. Dankie dat U deur die stukkende bubble loop tot diep in ons harte. En daar, waar alles chaos en deurmekaar is, begin U versigtig-teer weer regpak en regmaak en heelmaak en betermaak.

Soms moet ons hart se bubble bars, Here, sodat U ook daarbinne 'n plekkie kan kry. Verby al die 'fake' en die 'voorgee' en die 'maskers'. Soms moet ons hart se bubble bars, sodat U u vrede soos stukkies bakstene, een vir een om ons harte kan pak. Soms moet ons hart se bubble bars, Here, sodat ons kan weet dat ons maar in flenterstukkies woorde met U mag praat ... want soms, Here, net soms, keer die perfekte bubble ons om tot naby U te kan kom.

Dankie dat my hart se stukkende bubble, paadjies loop na U toe. Dankie dat dit my elke dag herinner aan eendag se Eendag ... wanneer U die stukkende bubble in my lyf se tentjie opvou, en opgewonde vir my my nuwe leefplekkie wys, daar by U. Daar waar bubbles nie bars nie, Here.

c. Stuff

The TRUTH is, that all of the "STUFF" here on earth we work SO hard to buy and accumulate..does NOT mean a thing. At the end of the day...people will be cleaning out our "STUFF", going thru our "STUFF", figuring out what to do with all of our "STUFF"....this "STUFF" we've accumulated in our life. The only thing of VALUE that remains are the MEMORIES and what we deposit into others. May we all learn to spend less time accumulating "STUFF" and spend way more time making MEMORIES.

(Met erkenning Maryna Ward)

d. 365 Dae

365. Dít is hoeveel dae in 'n gewone jaar is. Ook hoeveel keer in die Bybel geskryf staan: "Moenie vrees nie" of "moenie bang wees nie".
Sit jy vandag met vrees wat dreig om jou te oorweldig? Vrees jy dat jou huwelik in 'n egskeiding gaan eindig, dat jy by die werk afgelê gaan word of dat jy teen die einde van die maand nie jou rekening sal kan betaal nie?
Luister dan weer na vyf van die 365 teksverse wat jou staande kan hou:
Psalm 27:1: "Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?"
Jesaja 35:4: "Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier . . . God kom julle red!"
Jesaja 41:10: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou."
Matthéüs 10:31: "Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies."
Johannes 14:27: "Vrede laat Ek (Jesus) vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."
God is elke dag van die jaar by jou om jou deur enige krisis te dra. Hy het reeds oplossings vir uitdagings wat jy nog nie eens in die gesig gestaar het nie. Hy kan aan jou 'n deurbraak bewerkstellig uit enige "onmoontlike" situasie. Al wat jy moet doen: "Moenie bang wees nie, moenie vrees nie!" Sterkte.

e. #Loadshedding

My 2.5 jaar oue seun: Mamma dra my, ek kan nie loop nie.
Mamma: Hoekom kan jy nie loop nie?
Seun: My krag is af!

5. Beplanning vir die volgende maande

DELMAS

MAANDAE is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**	**Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624**	**Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296**
4 & 5 Maart 2022		24 Maart 2022
8 & 9 April 2022	20 & 21 April 2022	28 April 2022
6 & 7 Mei 2022	18 & 19 Mei 2022	26 Mei 2022
3 & 4 Junie 2022	8 & 9 Junie 2022	23 Junie 2022
8 & 9 Julie 2022	20 & 21Julie 2022	28 Julie 2022
5 & 6 Augustus 2022		
9 & 10 September 2022	14 & 15 September 2022	22 September 2022
7 & 8 Oktober 2022		
4 & 5 November 2022	9 & 10 November 2022	17 November 2022
2 & 3 Desember 2022	7 & 8 Desember 2022	

6. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp Datums of op www.wia.org.za.
Kontak besonderhede: Woord in Aksie ✆ 010 065 0881

Baie seëninge vir julle almal
Sarel & Gerda Reinecke

"Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee"